HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 04 van 2024

23 Februarie 2024

<u>Beheerliggaamverkiesing 2024</u>:

Beste Ouers en Voogde

Nominasievorms sal vanaf **Maandag, 26 Februarie 2024** tot **Vrydag, 1 Maart 2024** by die ontvangstoonbank van die skool beskikbaar wees. Die vorms moet persoonlik in ontvangs geneem word.

Die nominasievorm word deur die kandidaat, sy voorsteller en sekondant voltooi. Die kandidaat, voorsteller en sekondant moet ouers/wettige voogde van huidige leerlinge in die skool wees. Op die nominasievorm, moet kandidate toestemming gee dat persoonlike inligting (duidelike, onlangse kleurfoto, grade waarin u kinders tans in die skool is, professionele bekwaamhede of beroep en u persoonlike visie vir die skool) digitaal gedeel mag word (Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting/ POPI).

Kandidate mag nie werknemers van die skool wees nie.

Die voltooide nominasievorms moet voor **Vrydag, 1 Maart 2024 om 12h30** by die ontvangstoonbank van die skool ingehandig word. Daarna sal die nominasies gesluit wees en geen verdere nominasies sal aanvaar word nie. Hoërskool Randburg benodig **nege** ouerlede.

Hierdie is 'n aanlynverkiesing dus moet u, as ouer, seker maak dat u op D6 geregistreer is om sodoende te kan stem. Indien u enige probleme met D6 ervaar, kan u die skool skakel en met mev. Jackie Krüger kontak maak. Sodoende kan u, as ouer, dan ook seker maak dat u op die geregistreerde kieserslys is.

Die kieserslys word op **Vrydag, 1 Maart 2024 om 12h00** gefinaliseer en geen wysigings word daarna aanvaar nie.

Die verkiesing vind op **Maandag, 4 Maart 2024** plaas. Ouers kan vanaf **07h30 tot 16h00** op D6 stem.

Die verkiesingsuitslag sal op **Dinsdag, 5 Maart 2024** bekend gemaak word.

Vriendelike Randjiegroete,

Mnr. E. Engelbrecht
Verkiesingsbeampte

Mnr. P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za